



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

ONTWERP V1

PUNTE: 100

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Daar is VYF vrae in die vraestel.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Lees die vereistes en instruksies vir elke vraag aandagtig deur.
4. Beantwoord in volsinne en vermy die opnoem van slegs feite.
5. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd jy aan elke vraag moet spandeer.
6. MOENIE dieselfde feite en voorbeeld in verskillende vrae herhaal NIE.
7. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A**VRAAG 1****VISUELE LITERATUUR: ONGESIENE ONTWERP**

1.1



FIGUUR 1: Mode ontwerp deur Phiwase Nxumalo,
'House of Diva', Swaziland.

1.1.1 Met verwysing na die mode-uitrusting in FIGUUR 1 hierbo, ontleed VIER van die volgende terme:

- Lyn
 - Vorm
 - Eenheid
 - Ritme
 - Kontras
 - Skaal / Proporsie
- (8)

1.1.2 Identifiseer die inspirasie agter die skepping van die kledingstuk.
Motiveer jou antwoord.

(2)


1.2

**FIGUUR 2**

FIGUUR 2 vertoon 'n naambord met tipografiese foute wat verbeter moet word. Stel voor hoe hierdie foute reggestel kan word met betrekking tot:


- Inlynstelling (1)
- Letterspasiëring (1)

1.3

**FIGUUR 3:** Propaganda plakkaat, 'Set free political prisoners'.

Analiseer die plakkaat in FIGUUR 3 deur te verduidelik hoe die volgende terme die boodskap effektiel aan die kyker kan oordra:


- Simbole (2)
- Propaganda (2)
- Gestaltbeginsels (2)



FIGUUR 4: "AMREF"-plakkaat, 'Opgeleide vroue. Versterk Afrika.'

- 1.4.1 Kies DRIE van die volgende tipografiese terme met spesifieke verwysing na die plakkaat ontwerp in FIGUUR 4 om jou begrip te verduidelik:
- Serifs
 - 'Typeface'
 - Lettertipe
 - Reversed-out-type
- (6)
- 1.4.2 'n Plakkaat moet 'n boodskap visueel kommunikeer. Gee TWEE goeie ondersteunende redes hoe die plakkaat die beoogde boodskap effekief weerspieël.
- (2)

- 1.5 Bestudeer die beeld in FIGUUR 5 hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



FIGUUR 5: “Abercombie and Fitch” verpakkings-ontwerp.

- 1.5.1 Verduidelik die gebruik van stereotipering in die ontwerp van die verpakkingsak in FIGUUR 5. (2)
- 1.5.2 Bespreek TWEE maniere waarop stereotipering in advertensieveldtakte negatief of afbrekend kan wees. Jy kan na die beeld in FIGUUR 5 in jou bespreking verwys. (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS EN POPULÊRE KULTUUR:

**VRAAG 2: INTERNASIONALE GESKIEDENIS VAN ONTWERP:
(KUNS- EN HANDWERKBEWEGING; ART NOUVEAU; BAUHAUS;
ART DECO; DE STIJL; MODERNISME; SKANDINAWIESE
ONTWERP)**

2.1



FIGUUR 1:
Art Deco halsnoer.

FIGUUR 2:
Art Nouveau halsnoer.


Skryf 'n opstel waarin jy die halsnoere ontwerpe VERGELYK in FIGUUR 1 en FIGUUR 2. Jy moet verduidelik hoe die verskeie halsnoere die ontwerpstyl van die beweging wat dit voorstel weerspieël.

Jou opstel moet die volgende insluit:

- Doelwitte (2)
- Invloede (4)
- Algemene kenmerke (4)

(Geen tabelle of opskrifte mag gebruik word. Skryf 'n vergelykende opstel met behulp van parrawe.)

2.2



FIGUUR 3: 'Polyhedra Modular' koffietafel, ontwerp deur Haldane Martin.



FIGUUR 4: 'Love Me, Love Me Not' handgemaakte koffietafel, ontwerp deur John Vogel.

Die kontemporêre Suid-Afrikaanse ontwerp in FIGUUR 3 weerspieël Modernisme en die ontwerp in FIGUUR 4 weerspieël die Kuns en Kunsvlyt Beweging.

Skryf 'n VERGELYKENDE OPSTEL, waarin jy jou kennis van die styl/karaktereïenskappe van elke ontwerpsbeweging verduidelik deur na die volgende te verwys:

- Materiale
- Handewerk
- Onderwerp
- Kleur

(Jou antwoord moet in punt vergelyking wees in opstelvorm met behulp van paragrawe. Moenie die name van die kunsbewerkings wat bespreek is in VRAAG 2.1, 2.3 en 2.4 herhaal nie.)

(8)

2.3



FIGUUR 5: ‘Neo Hob Stove Top Kettle’ kontemporêre ontwerp deur Oliver Hemming, Brittanje.

- 2.3.1 FIGUUR 5 hierbo toon ’n sterk invloed van die Bauhaus Skool van Kuns en Ontwerp.

Bespreek VIER karaktereisingskappe van die Bauhaus-styl en TWEE invloede op die ontwerpsbeweging wat sigbaar is in die ontwerp van die produk.

(6)

- 2.3.2 Verduidelik hoe die ontwerp van die produk in FIGUUR 5 voldoen aan die ontwerpbeginsel ‘Vorm volg funksie’.

(2)

- 2.4 2.4.1 Verskaf die naam van EEN De Stijl ontwerper en die titel van hul werk.

(2)

- 2.4.2 Bespreek EEN doel en EEN invloed van De Stijl.

(2)

[30]

VRAAG 3: POPULÊRE KULTUUR:


Ontwerpe uit die verlede vertel die storie van die mense wat dit ontwerp het en die era waarin hulle geleef het.

Bied ’n oorsig oor hoe die impak van sosiale faktore veranderinge geskep het in die tendense van ontwerpbewegings van die begin van die 1900’s tot die 1970’s.

(Moenie tabelle of opskrifte gebruik nie. Skryf ’n opstel met behulp van paragrawe.)

[10]

TOTAAL AFDELING B: **40**

AFDELING C: KONTEMPORÈRE, INTERNASIONALE, OMGEWINGS EN SOSIALE ONTWERP
VRAAG 4: OMGEWINGSONTWERP


FIGUUR 1: ‘Nuwe Jerusalem Kinderhuis’ (Midrand, Gauteng), 2012.

Die huis is gekonstrueer/gebou van 28 ou skeepskratte met die oriëntasie van die gebou sorgvuldig in ag geneem. Die huis het houtskerms, gemaak van eko-vriendelike hout-plastiek saamgestelde dekplanke, 'n daktuin vir “termiese massa” en die binnemure en plafonne van die kratte is met droë-muur isoterm spons-isolasie uitgevoer.


Die kratte staan op voetstukke om die vloei van die lug te bevorder. Die huis is ook toegerus met “son-termiese en fotovoltaïese” sisteme.

Die huishoudelike gryswater-sisteem sit alle gebruikte water van die kombuis, wassery, toilette en badkamers om na water wat vir besproeiing is. Die premakulture tuin voorsien die kinders van 'n konstante voorraad vars organiese gekweekte vrugte en groente.

4.1 Bestudeer die beeld in FIGUUR 1 en die gepaardgaande inligting hierbo.

Pas jou kennis toe op die volgende omgewingsverantwoordelike en volhoudbare ontwerpterreine in FIGUUR 1. Toon jou begrip van hierdie terme deur te verwys na die innoverende tegnologie wat in die konstruksie van die huis gebruik was.

4.2



FIGUUR 2: Verdedigingsfonds-plakkaat oor klimaatsverandering.

Met verwysing na die plakkaat hierbo in FIGUUR 2, lewer kommentaar oor hoe die ontwerp mense oproer om hulle van globale klimaatsveranderinge bewus te maak.

Verduidelik jou antwoord met verwysing nabeeld en teks. (2)

- 4.3 Bespreek die werk van EEN Internasionale ontwerper / ontwerpersgroep wat jy bestudeer het wie se werk duidelik omgewingsfaktore en kwessies aanspreek.

Sluit die volgende inligting in jou opstel in:

- Die naam van die ontwerper/ontwerpersgroep
- Die doelwitte en benadering van die ontwerper/ontwerpersgroep
- Die naam van 'n ontwerp deur die ontwerper/ontwerpersgroep en 'n verduideliking hoe hierdie produk/produkte omgewingskwessies aanspreek.

(8)
[15]

VRAAG 5: SOSIALE VERANTWOORDELIKE ONTWERP

- 5.1 Bestudeer die foto's en teks in FIGUUR 1 hieronder en beantwoord die vrae wat volg op die volgende bladsy.



FIGUUR 1: 'Life Sack' – Son-watersuiwingstoestel deur Jung Uk Park, Myeong Hoon Lee en Dae Youl Lee ontwerp.

Die sak word gebruik as 'n houer vir graan en ander stapelvoedsel vir derde-wêreld lande. Sodaar die voedsel opgebruik is, kan die houer as 'n son-watersuiwingstoestel gebruik word.

- 5.1.1 Verskaf DRIE redes waarom die 'Life Sack' watersuiweringstoestel as 'n sosiaal verantwoordelike produk oorweeg kan word. (3)
- 5.1.2 Beskryf TWEE maniere waarop Universele Ontwerp in die produk herken kan word. (2)
- 5.2 Skryf oor die werk van EEN Suid Afrikaanse of EEN Internasionale sosiaal verantwoordelike ontwerper of ontwerpgroep.

Skryf 'n opstel waarin jy die volgende inligting insluit:

- Naam van die ontwerper/ontwerpgroep
- Doelwitte en sosiale verantwoordelikheid
- Invloede
- Algemene karaktereinskappe
- 'n Ontleding van EEN werk deur die ontwerper/ontwerpgroep en 'n verduideliking van hoe die werk duidelike sosiale verantwoordelikhede aanspreek.

(Dui aan of jou keuse 'n sosiaal verantwoordelike ontwerper/ontwerpgroep Suid Afrikaans of Internasional is.) (10)
[15]

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 100